NG Kerk Vrystaat

18 APRIL 2023

# BUITENGEWONE SINODESITTING HANDELINGE

GELOOFSENTRUM UNIVERSITAS | BLOEMFONTEIN

*Lig in die duisternis,* ***hier vir God, mekaar en die wêreld***

# NOTULE VAN DIE VERGADERING VAN DIE BUITENGEWONE SINODE GEHOU TE GELOOFSENTRUM UNIVERSITAS OP DINSDAG 18 APRIL 2023 OM 09:00

## 1. VERWELKOMING: DS JJ LUBBE

Ds Lubbe verwelkom die afgevaardigdes teenwoordig.

| |
|---|
| Blyk van meegevoel: Die Sinode betuig staande sy meegevoel na die afsterwe van ds AM Herholdt wat gedurende die nag oorlede is. |

## 2. KONSTITUERING

Die konstituering word deur ds C Weideman hanteer wat bevestig dat 143 gemeentes reeds geregistreer Die kworum benodig is 78. Die vergadering word wettig gekonstitueer. Hy vra dat uitstaande geloofsbriewe ingedien word.

## 3. AANWYSING VAN 'N VOORSITTER

Die skriba van die sinode, dr LM Foot, neem die verkiesing van die voorsitter waar.

| |
|---|
| **Ordevoorstel: Goedgekeur** |
| Dat die Sinode aangaan met die personeel soos dit tans is. |
| Voorsteller: Dr NJ Mostert |
| Sekondant: Ds G Lamprecht |

Ds JJ Lubbe tree op as die voorsitter van die vergadering.

## 4. OPENINGSLITURGIE

Ds JJ Lubbe neem die liturgiese opening waar. Dit word as bylaag by die notule van die vergadering gevoeg.

## 5. VOORLEGGING VAN DIE VERSLAG VAN DIE MODERAMEN

Toeligting van die verslag van die Moderamen word deur ds Lubbe hanteer. Hy lê klem op die volgende sake:

a. Die vraag wat voor die Sinode dien: "Moet die NG Kerk Vrystaat uit algemeen sinodale verband tree of nie?"
b. Verskillende merkers in die gesprek die afgelope jaar en vir hierdie besluitneming vandag.
c. Die verskillende opsies voor die vergadering soos in die agenda uiteengesit.
d. Die prosedure waarvolgens die Sinode die besluitneming gaan hanteer.

## 6. BESPREKING IN RINGSVERBAND

Die afgevaardigdes verdeel om in ringsverband byeen te kom en bespreking te voer oor die vraag: "Hoe hoor ons vanoggend die leiding van God se Gees in die lig van die Woord wat ons gelees het, ten opsigte van die vraag oor of die NG Kerk Vrystaat uit algemeen sinodale verband moet tree of nie?"

**TERUGVOERING VANAF RINGE**

**RING VAN BETHLEHEM**

1. Uiteenlopende menings.

2. Kern van die probleem is ons hoor die Heilige Gees deur die Woord, maar ons verstaan die woord verskillend.

3. Daar is diepsinnige herbesinning nodig oor die Algemene Sinode.

**RING VAN BLOEMFONTEIN-NOORD**

1. Ons wil nie skeur nie.

2. Wat is relevansie/waarmee besig? Hou aan praat.

3. Moet die verband dalk verander? (Federaal?)

**RING VAN BLOEMHEUWEL**

1. Ons weet waaroor ons verskil, maar nie waaroor ons saamstem nie. Ons stem saam oor God as Skepper, Herskepper en Verlosser.

2. Ons is een in geloof, maar verskil in Skrifinterpretasie. Sou dit genoeg rede wees om van mekaar te skei?

3. Hoe akkomodeer ons wetenskaplike waarheid binne ons teologie.

4. As die vertrekpunt "verskil" is, dan sal daar altyd skeiding wees.

5. Ons moet mekaar vashou sodat ons by die Sinode eensgesind kan wees. Daar is genoeg kernwaarhede wat ons aan mekaar bind.

6. Losmaak van die AS: hierdie standpunt is nie 'n opsie nie siende dat ons almal kollektiewe verantwoordeliklheid aanvaar het.

**RING VAN BULTFONTEIN**

1. Daar moet verandering kom en 'n besluit geneem word.

2. Benodig vandag teologiese volwassenheid en volwassenheid in denke, want daar is nie 'n gryspad nie. Kom ons motiveer mekaar om terug te gaan na die Skrif.

3. Ons moet nie mekaar se hande los nie. Rus ons toe om gemeentes hiermee te begelei.

4. Ons gaan nie mekaar verder oortuig nie, maar ons gaan na besluitneming steeds in gesprek bly.

**RING VAN FAURESMITH**

1. Ons as Ring kyk vandag na die Woord. Dit sal ons die regte besluit laat neem.

2. Die kerkgeskiedenis van die NG Kerk leer ons en wys dat daar nou anders gedink moet word oor die Algemene Sinode.

3. Die plaaslike gemeente is volwaardig kerk, daardie lidmate se stem word selde gehoor.

**RING VAN GOUDVELD**

Ons wil in die besluite wat geneem word, 'n pad van vrede oopmaak. Nie gelukkig met die Algemene Sinode se besluit en wil in gesprek tree. Ons wil dat Skrifgesag belangrik is en die finale gesag het. (Lees jou Bybel en bid elke dag).

**RING VAN HARRISMITH**

1. Ons hoor die Woord verskillend.

2. Ons interpreteer die Woord verskillend.

3. Tekorte/temas en Bybelse beginsels wat belangrik is om in gedagte te hou.

3.1 Eenheid – Efesiers 4, maar nie ten koste van waarheid nie (Ef 5-6)

3.2 Indien nie waarheid nie, dat tug toegepas word (gesprek).

3.3 Indien tug nie werk nie, dan die skeiding van paaie of 5:7.

4. Eenheid in die Vrystaat is meer belangrik as eenheid in die breeër NG Kerk.

**RING VAN HEILBRON**

Die Here trek saam as jy trek, en bly as jy bly, maar deur dit alles hou die Here self sy kerk in stand solank Sy kerk na sy stem luiser. Gaan ek billik wees, konsekwent of stem vir kans op sukses.

**SENTRALE RING**

1. Ons hunker om nie mekaar te los nie, bewus van verskille, bewus van onkunde en skade agv daarvan.

2. Die teologiese gesprek is ver van afgehandel

**RING VAN SMITHFIELD**

1. Maak die AS se besluite dit vir ons onmoontlik om my geloof in Jesus Christus uit te leef en om vandag ware Kerk van Jesus Christus te wees?

2. Tas die besluite die kern van ons geloof in die Drie-Enige God aan of is dit sake wat op die periferie lê.

**SUID-OOS BLOEMFONTEIN RING**

1. Stem meer as een keer tot daar twee opsies is.

2. Ons moet nog praat want ons ken nie mekaar se harte nie.

3. Grense stel vir links en regs. "Rimpel" oor SGV moet ons nog oor praat.

**RING VAN VAALRIVIER**

1. In verhoudings gaan daar altyd verskille wees wat tot konflik lei. Die makliker ding is om die verhouding te breek en op jou eie te gaan. Vir goeie en oop dialoog het ons egter mekaar (verhouding) nodig. Dit is belangrik dat alle partye in die gesprek teenwoordig is en deelneem ( gehoor word).

2. In die Ring van Vaalrivier voel gemeentes 'n openheid en liefde om steeds met mekaar te praat en in verhouding te bly ten spyte van verskille en konflik ook met die AS

3. Die vraag het by die Ring ontstaan of dit nie sou sinvol wees om 'n AS te hou waar elke gemeente teenwoordig is nie? So word die "ons" en "hulle" uitgeskakel en het alle gemeentes deel aan die dialoog.

**RING VAN VALSRIVIER**

1. Spreek waardering uit vir die werk wat met groot moeite en wysheid hierdie ses opsies op die tafel geplaas het.

2. Dit het tyd geword vir daadwerklike optrede, die status quo kan nie langer gehou word nie.

3. VS Sinode is volwaardig selfstandig en volwasse met geloofsonderskeiding om te kan besluit en optree volgens oortuiging.

3.1 Plaaslike kerk is volwaardig kerk.

3.2 Ons moet vandag braaf wees.

4. Ons sal nie hierdie proses sonder verliese deurvoer nie – dit sal bereken moet word.

5. Sommige opsies is "point beyond return" ons sal nie kan terugdraai nie.

**RING VAN WATERBRON**

1. Wees versigtig vir die twee uiterste opsies, bly eerder in gesprek met mekaar om die wêreld daardeur te verras.

2. Die kerk behoort nie te skeur deur iets soos die SVG nie. Daar is meer wat ons saambind as wat ons verdeel.

3. Die gesprek moet nou afgehandel en 'n uitkoms bereik word. Daar is ander krisisse aan die kant waaroor die kerk eerder moet besin en betrokke by raak.

4. Ons besluit moet God se beeld in die wêreld verhelder. Dit is deel van ons getuieniskarakter.

5. Beskerm gemeentes wat nou dink dit is wys om uit verband te tree, maar onder ander leierskap tot ander insigte sou kom.

6. Herbesin oor die bestaansreg en rol van die AS binne 'n konteks waar gemeentes die vryheid om self besluite te neem.

**RING VAN WELKOM**

1. Verander "hulle" na "ons", neem saam verantwoordeliklheid.

2. Moet nie skeur nie, ons wil bly praat.

3. Daar is frustrasie ons wil ons stem laat hoor.

4. Ons moet vanuit die Woord bestuur word en nie vanuit buite-Bybelse stem nie.

5. Artikel 37 moet meer verruim word bv. ens is problematies.

**Besluit: Goedgekeur**

Die Sinode besluit in die lig van die erns wat hierdie sitting vir al die gemeentes in die Vrystaat het, om die reiskoste van al die gemeentes (dit wil sê dolerende gemeentes ook) te dra teen 'n koste van R2.00 per kilometer.

Voorsteller: Ds C Weideman
Sekondant: Dr A Celliiers

## 7. TEE/KOFFIE

## 8. OOP BESPREKING VIR HELE VERGADERING

Geleentheid vir 'n oop bespreking van die verskillende opsies is gegee en 'n groot aantal afgevaardigdes het hieraan deelgeneem.

## 9. STEMMING

Ná bespreking, is die vergadering deur die voorsitter versoek om hul voorkeur op die stembrief aan te dui deur vir een van die opsies soos in die Agenda vir die sinodesitting uiteengesit, te stem.

| **Stembrief 1** | |
|---|---|
| Uitslag van die stemming: | |
| | Aantal stemme |
| Opsie A | 2 |
| Opsie B | 48 |
| Opsie C | 48 |
| Opsie D | 6 |
| Opsie E | 186 |
| Opsie F | 9 |
| **Totaal:** | **299** |

**Die Sinode van die NG Kerk Vrystaat het hiermee besluit om nie kragtens Artikel 37 van die Kerkorde uit algemeen sinodale verband te tree nie, maar om met die Algemene Sinode in Oktober 2023 oor die onderhawige kwessies in gesprek te tree.**

## 10. MIDDAGETE

Ds Dawie Botes doen ʼn tafelgebed.

## 11. VERDERE BESPREKING EN BESLUITNEMING

Geleentheid is gegee vir ʼn kort oudiovisuele bekendstelling van die nuwe webblad van die NG Kerk Vrystaat, met dank aan die kommunikasie-departement in die sinodale kerkkantoor.

Ná die bekendmaking van die uitslag van die eerste stemming, toets die voorsitter die vergadering oor die vraag of daar volstaan moet word met 'n volstrekte meerderheid wat Opsie E ontvang het en of daar nóg ʼn keer tussen die drie opsies wat die meeste stemme ontvang het (B, C en E) gekies moet word.

| **Stembrief 2** | |
|---|---|
| Uitslag van die stemming: | |
| Ja, volstaan | 249 |
| Nee, stem weer | 48 |
| Bedorwe stembrief | 1 |
| **Totaal:** | **299** |

Geleentheid word gegee vir verdere bespreking oor die twee bylaes – Bylaag 18 en 19 in die agenda – wat as motiverings by Opsie E gegee is, naamlik wat handel oor die inhoud van die standpunt wat dan in Oktober 2023 deur die NG Kerk voor die Algemene Sinode gestel sal word. Verskeie sprekers het aan die bespreking deelgeneem en moontlikhede geopper om nóg ʼn keer met gemeentes en ringe oor die motivering van Opsie E te konsulteer. ʼn Ordevoorstel is aan die vergadering gestel:

| **Besluit: Goedgekeur** |
|---|
| Die vergadering gaan oor tot ʼn stemming tussen Bylaag 18 of Bylaag 19. |
| Voorsteller: Ds JAN Venter |
| Sekondant: Ds FL Steenkamp |

Die vergadering het soos volg besluit:

Bylaag 18 – 137

Bylaag 19 – 149

Aangesien die keuse tussen die twee motiverings met so 'n klein marge verskil, onderneem die voorsitter om die gees van die vergadering ook oor te dra by die sitting van die Algemene Sinode.

## 12. AFSLUITING

Die voorsitter bedank alle afgevaardigdes vir hul moeite en tyd aan hierdie belangrike besluitneming afgestaan, en vir die gees waarin die sinodesitting kon verloop. Dank word ook uitgespreek teenoor die skriba en personeel van die sinodale kerkkantoor vir alle logistieke reëlings getref en die omvattende en geslaagde voorbereiding van hierdie sitting. 'n Dankwoord word aan die Geloofsentrum Universitas gerig vir hul gasvryheid om die buitengewone sinodesitting hier te ontvang. Kommunikasie van die sinodebesluit sal deur die media (VRYPOS, Kerkbode, Volksblad) en in 'n Pastorale Brief aan gemeentes geskied.

Ds JT Kemp sluit die vergadering met 'n gebed.

**HANDELINGE VAN DIE BUITENGEWONE SINODE GOEDGEKEUR EN ONDERTEKEN BY DIE VERGADERING VAN DIE MODERAMEN VAN DIE NG KERK IN DIE VRYSTAAT OP 17 MEI 2023.**

| | |
|---|---|
| **SKRIBA** | **VOORSITTER** |

**Bylaag A**

# OPENINGSLITURGIE

## BUITENGEWONE SINODESITTING VAN DIE NG KERK VRYSTAAT

**18 April 2023**
**Universitas Geloofsentrum**

**TOEWYDING**

Stilte vir persoonlike gebed.

Psalm 25:1 en 2 (Totius-beryming, sittend)

Tot U hef ek hart en hande,
op U, Heer verlaat ek my.
Laat die vyand oor my skande,
oor my val, hom nooit verbly.
Ja, U sal hul nooit verlaat
wat in u vertroue wandel.
Maar U dek hul met u smaad
wat hier trouelooslik handel.

Leer my, Heer, u regte weë ;
wys die regte pad my aan.
Maak my hart daartoe geneë,
om met lus daarop te gaan.
Wil my deur u waarheid leer,
lei my dwalende gedagte.
Want U is my heil, o Heer!
U is ek altyd te wagte.

Psalm 42:1 en 43:2 (Lina Spies-beryming, sittend)

Smagtend soos in dorre streke –
hoor my na U, Here, roep.
Gee my van u helder water
en 'n skadu teen die gloed.
O, ek skroei, Heer, van die pyn
oor die skare se venyn.
God wat heers in alle tye,
laat my sing, bring hul tot swye.

Maak my weer tot 'n bevryde
wat na Sion op kan gaan.
Stuur u lig en waarheid beide
om vir my die weg te baan.
T'rug in U teenwoordigheid
raak ek angs en wanhoop kwyt,
jubel weer my lier se snare,
sing ek bly by u altare.

**AANROEPING**

**Votum**

**Liturg:** "Ek kyk op na die berge,
waarvandaan sal daar vir ons hulp kom?"

**Sinode:** "Ons hulp is van die Here,
(hardop) wat hemel en aarde geskep het,
wat trou bly tot in ewigheid,
en wat nooit die werke van sy hande laat vaar nie." (Ps. 121)

Lied 477:1 en 2 (sittend)

Hou Christus self sy kerk in stand –
vergeefs die hel se woede.
As Here aan Gods regterhand
regeer Hy ons ten goede.

O Christen wat op Hom vertrou,
u moet geen onheil vrees nie.
Sal Hy was sy gemeente bou,
ons nie 'n toevlug wees nie?

Hy is in alle leed
steeds tot ons hulp gereed,
bewaak die Christendom,
en waar die vyand kom,
stuit Hy die bose woede.

Hy, oor die toekoms, Heer,
waak oor sy Woord en eer –
Hy gee geduld in nood
en krag en moed in dood.
Moet dan geen dreiging vrees nie.

**Verootmoediging**

**Liturg:** "Een van hulle, 'n wetsgeleerde,
het vervolgens 'n vraag gestel om Hom te toets:
'Meester, wat is die belangrikste gebod in die Wet?'
Jesus het hom geantwoord:

**Sinode:** "Jy moet die Here jou God liefhê,
(hardop) met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand.
Dit is die belangrikste en die eerste gebod.
En die tweede wat hieraan gelyk staan, is,
'Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.'" (Mat. 22:35-39)

Lied 279 (sittend)

Hoor ons sug, o Heer; hoor ons sug, o Heer.
Draai tog u oor na ons, en gee ons vrede.
(herhaal)
Amen.

**Liturg:** "Wees my genadig, o God, volgens u troue liefde.
Wis my oortredings uit, volgens U groot ontferming.
Teen U, teen U alleen het ek gesondig
en gedoen wat verkeerd is in u oë –
neem my sonde weg met marjolein,
sodat ek rein kan wees."

**Sinode:** "Skep 'n rein hart vir my, o God,
(hardop) vernuwe 'n bestendige gees in my binneste.
Moet my tog nie wegdryf uit U teenwoordigheid nie;
en moet u heilige Gees nie van my wegneem nie.
Laat my weer die vreugde van u verlossing ervaar!" (Ps. 51)

Lied 278 (sittend)

Hoor ons bid, o Heer; hoor ons bid, o Heer.
Verhoor tog ons gebed, en gee ons vrede.
(herhaal)
Amen.

**Genadeverkondiging en sëngroet**

**Liturg:** "God, ryk in barmhartigheid, het ons
alhoewel ons dood was as gevolg van ons oortredings,
op grond van sy groot liefde,
saam met Christus lewend gemaak –
uit genade is ons verlos! (Efes. 2:4-5)
Die Here het opgestaan!
Vrede vir julle!"

**Sinode:** "Die Here het waarlik opgestaan,
(hardop) vrede vir jul elk!"

**Loflied:** Lied 406:1, 2, 3 en 4 (staande)

Ons loof U, Vader, op die troon!
U Seun het onder ons kom woon.
Hy het U beeld aan ons vertoon.
Ons loof U, Here; ons loof U, Here!
Halleluja!

Aan U behoort die majesteit,
ons roem u krag en heerlikheid
en loof U tot in ewigheid.
Ons loof U, Here; ons loof U, Here!
Halleluja!

U het vir ons die weg berei
wat na die Vaderwoning lei.
Daarom aanbid en sing ons bly.
Ons loof U, Here; ons loof U, Here!
Halleluja!

**VERKONDIGING**

**Eerste Skriflesing:** Eksodus 40:34-35 en Numeri 9:15-23

**Gebedslied:** Lied 257:1 (sittend)

O Heer, maak oop my hart se poort;
maak my ontvanklik vir u Woord
wat my u raad en wil verklaar.
Laat my dié Woord altyd bewaar.

**Tweede Skriflesing:** Hebreërs 12:1-3

**Gebedslied:** Lied 257:2 (sittend)

U Woord, o Heer, deurboor en wond,
maar dit genees ook, maak gesond;
u Woord toon al ons sondes aan
en wys die weg wat ons moet gaan.

**Oordenking**

**Toewydingslied:** Lied 280:1, 2 en 3 (staande)

Here, Redder, groot en magtig, U oorskou ons lewenspad.
In u liefde en genade het U ook ons hand kom vat.
Heer, u leiding, bring bevryding –
U het ook my hand kom vat. (herhaal)

Open now the crystal fountain,
where the healing waters flow.
Led the fire and cloudy pillar
lead me all my journey through.
Strong Deliverer, strong Deliverer,
ever be my strength and shield. (repeat)

Lei, ons Heer, na dié bestemming
in u Woord ons opgedra.
Laat ons leef met werk met vreugde
want dit sal volharding vra.
God, my Here – U is Here!
Vas kan ons op U vertrou. (herhaal)

**Toeligting van die Verslag van die Moderamen**

**Apostoliese Geloofsbelydenis** (hardop en staande)

**Gebedslied:** Lied 266 (staande)

Ons Vader wat woon in die hemel,
geheilig sy u Naam.
Laat u ryk kom, u wil geskied
soos in die hemel so ook op die aarde.
Gee ons vandag ons dag se brood

en vergeef ons al ons skulde, net soos ons vergewe
dié wat teen ons sondig.
Laat kom ons nie in die versoeking,
maar verlos ons van die Bose.
Van U is die ryk en die sterkte en die ere,
vir ewig en ewig, Amen.
Vir ewig en ewig, Amen.

**Verdeling vir Ringsgesprekke.**

* * * * * * * *

Lied 528:1, 2 en 3

Leer my u wil, Heer, u doel met my –
U Pottebakker, met my, die klei.
Vorm my en maak my, volgens u wil;
op U vertrou ek, nederig, stil.

U gee u gawes net soos U wil;
almal is diensbaar, elk met verskil.
Vul met u Gees my, breekbare kruik,
dat U my oral nuttig gebruik.

Leer my u wil, Heer, u plan vir my;
laat ek nie doelloos, nutteloos bly.
Hou my erkentlik, Heer, in u werk:
As ek dan swak is, maak U my sterk.

Lied 505:1 en 4

Jesus, U gaan voor – ons volg in u spoor.
U ken al ons lewenspaaie,
al die hoogtes, dieptes, draaie.
Kom en vat ons hand, na die Vaderland.

Jesus, U gaan voor – ons volg in u spoor.
Ook waar niemand dit wil waag nie,
waar niks anders ooit sal slaag nie.
U wat alles sien, laat ons U bly dien.

Lied 269:1 en 3

God bly met u, waar u ook mag gaan.
Mag sy Gees u lei en heilig
en u altyd deur beveilig.
God bly met u, waar u ook mag gaan.

God bly met u, waar u ook mag gaan.
As ons struikel, trek die Vader
deur sy liefde ons weer nader –
God bly met u, waar u ook mag gaan.

**Bylaag B**

**AFGEVAARDIGDES NA DIE BUITENGEWONE SINODESITTING – 18 APRIL 2023**

| Gemeente | Leraar | Ouderling/Diaken |
|---|---|---|
| NG Gem Aandbloem | JC Louw | JAM Meyer |
| | JS Henning | M de Vos |
| | | MD Potgieter |
| NG Gem Allanridge | A Maree | |
| NG Gem Andrew Murray | C Mitchell | DA Green |
| NG Gem Arlington | SB Conradie | JJ van Tonder |
| NG Gem Bedelia | PJ McLaren | H McLaren |
| NG Gem Berg-En-Dal | JJ Lubbe | D-R Samuel |
| | J Marais | MJ Swart |
| NG Gem Bethlehem-Éfrata | | AA Schoombie |
| | | OH Botha |
| NG Gem Bethlehem-Eureka | RCH Kemp | J Maree |
| NG Gem Bethlehem-Noord | JAM de Kock | LP Greyling |
| NG Gem Bethlehem-Oos | J Müller | FA Meyer |
| | M Bakker | HJ de Jager |
| NG Gem Bethlehem-Panorama | G Lamprecht | |
| NG Gem Bethlehem-Wes | AP Van Zyl | HJ du Preez |
| NG Gem Bethulie | SJL Louw | IJC Jacobs |
| NG Gem Bloemfontein | DV le Roux | DJ Wepener |
| NG Gem Bloemfontein-Noord | T Bongers | DJ Janeke |
| NG Gem Bloemfontein-Wes | PJ David | MJD Hurter |
| NG Gem Bloemheuwel | JL Reynders | C Steinhöbel |
| | LOK Lategan | PJB Coetzer |
| NG Gem Bloemvallei | MJ Heymans | KJ de Beer |
| NG Gem Bothaville | D Allen | PH Vermaak |
| NG Gem Bothaville-Noord | J Kruger | JE Grobler |
| NG Gem Brandfort | JFT du Plessis | CJ Smit |
| NG Gem Brandfort-Oos | JFJ Loots | |
| NG Gem Bultfontein | A Smit | JB Bornman |
| NG Gem Bultfontein-Oos | P Garbers | PH Mienie |
| NG Gem Clarens | JAN Venter | A Rall |
| NG Gem Clocolan | E Nolte | PC Eksteen |
| NG Gem Cornelia | JT Kemp | IM Hipkin |
| NG Gem Dagbreek | NG Wessels | LC Coetzee |
| NG Gem De Bloem | JL Smith | J Smith |
| NG Gem Dealesville | | B Wilken |
| | | A Ackermann |
| NG Gem Deneysville | | FA Erasmus |
| | | JJ du Preez |
| NG Gem Dewetsdorp | HE van Coller | WJ Lombard |
| NG Gem Edenville | | H Cronje |
| | | I Ellis |
| NG Gem Estoire | BSR du Toit | DA Coetzee |
| | JC Else | |
| NG Gem Excelsior | BIC Steyn | JGU Bester |
| | | J Nel |
| | | AM van der Walt |

| | | |
|---|---|---|
| NG Gem Fauna | HJ Swart | GE Randel |
| NG Gem Fauresmith | C Potgieter | |
| NG Gem Fichardtkruin | A van Staden | L Dixon |
| NG Gem Fichardtpark | E Casaleggio | DCJ Taljaard |
| NG Gem Ficksburg | WG Stümpfe | R Monk |
| NG Gem Fouriesburg | HM Coertzen | HP Coertzen |
| NG Gem Frankfort | JT Jackson | GM Hattingh |
| NG Gem Gardeniapark | JH Venter | AJ Janse van Rensburg |
| NG Gem Harmonie | HP van der Walt | |
| NG Gem Harrismith | GD Victor | AA Potgieter |
| | FUO Ohlhoff | PJJ Geel |
| NG Gem Heilbron | AS van Zyl | APJ van Rooyen |
| NG Gem Heilbron-Suid | | EC Kriek |
| | | JG Kriek |
| NG Gem Hennenman | R Strydom | WHC Fryer |
| NG Gem Heuwelkruin | MHO Heyneman | A Viviers |
| | WJ Henning | |
| NG Gem Heuwelsig | CA Salzmann | |
| | EF Engelbrecht | |
| NG Gem Hobhouse | JJ van Zyl | JJ Wessels |
| NG Gem Hoopstad | C du Toit | V Cloete |
| | D de Beer | |
| | FP du Toit | |
| NG Gem Hospitaalpark | JMG Roux | HWM Badenhorst |
| NG Gem Hugenoot | A Barlow | WF Ellis |
| | A Viljoen-Potgieter | JM Bruwer |
| | NJ Mostert | HE Botha |
| NG Gem Jacobsdal | HHS Nortier | JG de Wet |
| NG Gem Jagersfontein | | SM Loftus |
| NG Gem Kerkenberg | | PB Beukes |
| NG Gem Kestell | D du Toit | NJ Marais |
| NG Gem Koppies | JHJ Hattingh | J Botha |
| NG Gem Koppies-Weltevrede | G Oosthuizen | LJ Boshoff |
| NG Gem Kroonheuwel-Noord | C Weideman | MSP Prinsloo |
| | PM van Niekerk | AM Weideman |
| NG Gem Kroonstad | AJ Kotze | JDM Minnaar |
| NG Gem Kroonstad Oos | MC Barnard | DJ Smit |
| NG Gem Kroonstad-Noord | SC van der Merwe | BJ Steyn |
| NG Gem Kroonstad-Suid | JS Els | C Olivier |
| NG Gem Kroonstad-Wes | PJG Prinsloo | WJ Burger |
| NG Gem Ladybrand | DJB Kleynhans | |
| NG Gem Ladybrand-Noord | W Klindt | |
| NG Gem Langenhovenpark | L Oosthuizen | JM Pienaar |
| | AJJ Stander | PG Miles |
| | PG Meyer | W Fourie |
| NG Gem Lindley | | WF Labaschagne |
| | | JJW van der Berg |
| NG Gem Marquard | J Rossouw | MB Greyling |
| NG Gem Memel | E Van Schalkwyk | PH van Niekerk |
| NG Gem Meyerhof | | P Malan |
| | | S Jacobs |

| | | |
|---|---|---|
| NG Gem Noordhoek | F Retief | M Venter |
| NG Gem Odendaalsrus | WM Beets | LN van Rooyen |
| NG Gem Onze Rust | CP Hellmuth | JJ Cronje |
| NG Gem Ooshoek | S Maritz | JC Burger |
| NG Gem Oranjeville | J Mostert | JJ van den Berg |
| NG Gem Parys Oos | F van Tonder | EV Goosen |
| | I Jonker | J Odendaal |
| NG Gem Parys-Suid | SJ le Roux | TC Dunn |
| NG Gem Parys-Wes | BL van Wyk | AMF du Plooy |
| NG Gem Paul Roux | | D Bruwer |
| NG Gem Pellissier | CP Viljoen | A Mostert |
| | JH Hattingh | DF Langenhoven |
| | CM James | PA Pelser |
| | FH Lamprecht | AS Steyn |
| NG Gem Petrus Steyn | CJ du Raan | FW le Roux |
| NG Gem Petrusburg | | GJC Venter |
| | | JD van Niekerk |
| NG Gem Philipollis | | PDJ Cilliers |
| | | JP Botes |
| NG Gem Reddersburg | S Spamer | PE de Jager |
| NG Gem Reitz | GJ Strydom | D Slabbert |
| NG Gem Reitz-Wes | | PHdV van Zyl |
| | | HJ Zandberg |
| NG Gem Riebeeckstad | C Nel | Y Labuschagne |
| NG Gem Riebeeckstad-Erfdeel | PJ Louw | LH Wentink |
| NG Gem Rietfontein | A Celliers | S Appel |
| NG Gem Rouxville | | I de Bruyn |
| | | J Steenkamp |
| NG Gem Sasolburg Fontein | J Steurer | P van As |
| NG Gem Sasolburg Vier Ankers | RJ Pienaar | PH Branford |
| | JP Matthews | WJ Lombard |
| NG Gem Sasolburg-Tuinedal (Dolerend) | | DFN Lessing |
| | | J Fourie |
| NG Gem Senekal | SF Coetzee | P Fourie |
| NG Gem Senekal-Noord | A Potgieter | GP de Bruyn |
| NG Gem Smithfield | | DJ Venter |
| | | HC Van Wyk |
| NG Gem Springfontein | | R Grobler |
| NG Gem St. Helena | D Basson | JH Botha |
| NG Gem Taaibosspruit | | T Ludick |
| NG Gem Thaba Nchu/Tweespruit | | L Schroeder |
| NG Gem Theunissen | S Pienaar | FPD Jacobs |
| NG Gem Theunissen-Wes | | JH Stander |
| | | LJ Erasmus |
| NG Gem Trompsburg | GA van der Merwe | L Kotze |
| NG Gem Tweeling | WP Strauss | TJ Lessing |
| NG Gem Uitsig | E Olivier | |
| NG Gem Universitas | A Oosthuizen | RC Gouws |
| NG Gem Universitas-Rif | NJ Labuschagne | JH Vorster |
| NG Gem Universitas-Wes | JS du Plessis | F Oosthuizen |
| NG Gem Vaalpark | GJ Serfontein | Thys van Tonder |

| | | |
|---|---|---|
| | F Kotze | WA Botha |
| NG Gem Vanstadensrus | NG Sennett | A Erasmus |
| NG Gem Ventersburg | NS Dicks | |
| NG Gem Verkeerdevlei | | MC Human |
| NG Gem Vierfontein | O Olivier | J Smith |
| NG Gem Viljoensdrif | J de Man | P de Bruyn |
| NG Gem Viljoenskroon | AP Cronje | JD de Villiers |
| NG Gem Villiers | JH van Deventer | |
| NG Gem Virginia | R Wessels | FJ van Heerden |
| NG Gem Virginia-Wes | HJ Conradie | JF Taylor |
| NG Gem Vrede | JD Venter | B Lluus |
| NG Gem Vrede-Wes | JG van der Watt | ID Bosman |
| NG Gem Warden | FL Steenkamp | |
| NG Gem Waterbron | WA Badenhorst | CP Bartlett |
| NG Gem Welkom | | GF Lubbe |
| | | MW Pretorius |
| NG Gem Welkom Noord | RL Oliver | TG Barnard |
| NG Gem Welkom-Suid | LM Foot | JH Brits |
| NG Gem Welkom-Wes | DH Botes | PN van der Merwe |
| NG Gem Wepener | | HLJL van Tonder |
| | | SP Slabbert |
| NG Gem Wesselsbron | CM Rautenbach | CJ van Zyl |
| NG Gem Wilgehof | WB Müller | N Hayward |
| NG Gem Winburg | | PJ Pienaar |
| NG Gem Witteberge | L van der Haer | R Jacobs |
| NG Gem Zastron | SW Burger | DP Mackay |
| Woodland Hills Gemeenskapskerk | A Meiring | MS Oosthuysen |

# Ons VADER

WAT IN DIE HEMELE IS

LAAT U NAAM GEHEILIG WORD

**LAAT U KONINKRYK KOM**

LAAT U WIL GESKIED

# AMEN

MATTEUS 6:9-13
(DIE BYBEL 2020-VERTALING: HOOFLETTERUITGAWE (AFR20HL))

**GELOOFSENTRUM UNIVERSITAS**

Straussstraat 12, Universitas, Bloemfontein 9301
Tel: +27 (0) 51 522 4911
E-posadres: elmien@geloofsentrum.co.za

Van Heerdenweg 20, Wilgehof, Bloemfontein 9301
Tel: +27 (0) 51 406 6700 | E-posadres: daf@ngkvs.co.za
Posbus 11412, Universitas 9321

**www.ngkerkvrystaat.co.za**

© 2023 | NG KERK VRYSTAAT